| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | PUNTE-TOTAAL |
|---|---|
| | |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur — 200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit:

   **Afdeling A**, wat die volgende insluit:
   - visuele bronontleding
   - tekstuele bronontleding
   - huidige kwessie in die media

   **EN**

   **Afdeling B**, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - kennisgebaseerde vrae

   **EN**

   **Afdeling C**, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde opstel, wat die Bronmateriaalboekie gebruik

**SLEGS VIR DIE NASIENER SE GEBRUIK**

| | Afdeling A | | | Afdeling B | Afdeling C | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraag** | 1 | 2 | 3 | | | |
| **Punte** | 20 | 20 | 20 | 90 | 50 | **200** |
| **Nagesien** | | | | | | |
| **Gemodereer** | | | | | | |

IEB Copyright © 2022

4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit in aan die einde van die eksamen. Onthou om jou eksamennommer neer te skryf in die spasie wat voorsien word.**

5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

6. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

7. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

8. Twee blanko bladsye (bladsy 19–20) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

## VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

**'n Foto van 'n optog wat in 1985 deur die Britse AAB gereël is.**

**150 000 mense het op 2 November 1985 uit oos, wes en suid Londen na Trafalgarplein opgeruk om Britse sanksies teen Suid-Afrika te eis. Die optog was die hoogtepunt van 'n intensiewe veldtog wat elke deel van Brittanje bereik het. Op die foto is ANC-president Oliver Tambo, AAB-president Trevor Huddleston en die Amerikaanse burgerregte-aktivis Jesse Jackson.**



[<https://www.aamarchives.org/history/1980s.html>, verkry 23 Januarie 2022]

1.1 Waarvoor staan die afkorting AAB?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(2)

1.2 Watter betekenis van hierdie optog in 1985 probeer die fotograaf vasvang? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(6)

IEB Copyright © 2022

1.3 Gebruik die bron en jou kennis en dui aan hoe suksesvol die AAB was om die Britse regering, gelei deur Margaret Thatcher, oor te haal om sanksies teen die apartheidsregering in te stel.

(4)

1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en gee TWEE voorbeelde van maniere waarop die internasionale gemeenskap druk op die apartheidstaat geplaas het om hul wette te verander.

(4)

1.5 Hoe sou hierdie foto in 1985 deur mense wat in Soweto gewoon het, ontvang gewees het?

(4)
**[20]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

**Uittreksel uit 'n algemene geskiedenis van Namibië, geskryf deur die historikus Marion Wallace wat Afrika-kurator by die Britse Biblioteek is en spesialiseer in navorsing oor die geskiedenis van Namibië. Dit is in 2011 die eerste keer gepubliseer.**

Onafhanklikheid is op 21 Maart 1990 verklaar en Sam Nujoma is as president ingesweer. Die sukses van die grondwetlike proses, tesame met die veranderde internasionale situasie en SWAPO se buigsaamheid, het gehelp om uiteindelik – en klaarblyklik teen die verwagting in – te verseker dat die oorgang glad verloop en dat daar min uitvloei van kapitaal of mense uit die land was. SWAPO was ook versigtig om nie bestaande ekonomiese belange te antagoniseer nie, en het op hierdie stadium min gedoen om die eienaarskap van grond (die grondwet laat verpligte aankoop toe, maar teen markverwante pryse) of van die myne, uit te daag. Daar was egter spoedig maatreëls om besteding aan gesondheid, onderwys en behuising te verhoog, ras-eksklusiewe skole te beëindig en primêre onderwys te verskaf. Namibiese grondgebied is uiteindelik verenig toe Walvisbaai in 1994 van Suid-Afrikaanse na Namibiese bewind oorgeplaas is.

Die geskiedenis van Suid-Afrikaanse heerskappy in Namibië het dus tot 'n einde gekom, vyf-en-sewentig jaar nadat dit begin het. Die feit dat die werklike oorgang na onafhanklikheid uiteindelik vreedsaam plaasgevind het, is veral merkwaardig, in ag genome die vlak van onderdrukking wat Suid-Afrika op die gebied afgedwing het, en die bitterheid (aan alle kante) wat deur oorlog en geweld veroorsaak is.

[Aangepas uit Marion Wallace. *A History of Namibia,* Johannesburg, Jacana Media, 2011, p. 307]

2.1 Van watter bevrydingsbeweging was Sam Nujoma in 1990 die leier?

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

(2)

2.2 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoe "die veranderde internasionale situasie" bygedra het tot die gladde oorgang na onafhanklikheid in Namibië in 1990. Verskaf TWEE omvattende punte.

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________

(4)

IEB Copyright © 2022

2.3 Gebruik jou kennis om te verduidelik wanneer en hoe Suid-Afrikaanse heerskappy in Namibië begin het.

(4)

2.4 Soek 'n historiese konsep in die bron wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie)

2.4.1 'n Nasie se rykdom of bates.

(2)

2.4.2 Die stel wette wat 'n nasie regeer.

(2)

2.4.3 Gewelddadige verdrukking en oorheersing.

(2)

2.5 Waarom was die vreedsame oorgang na onafhanklikheid in Namibië so merkwaardig, volgens die skrywer? Verskaf TWEE redes.

(4)

**[20]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

**Uittreksel uit 'n artikel geskryf deur die ANC steunpilaar Mac Maharaj, wat saam met De Klerk in Nelson Mandela se kabinet gedien het, en op 18 November 2021 gepubliseer is. Die artikel was een van vele wat die nalatenskap van oudpresident FW de Klerk bespreek het nadat hy op 11 November 2021 oorlede is.**

> FW de Klerk se dood verlede week het 'n stortvloed verskillende sienings tot gevolg gehad. Dit is die gevolg, kan 'n mens sê, van die voormalige president se ingewikkelde nalatenskap. Maar niemand hou van 'n ingewikkelde storie nie. Ons word dus uitgedaag om hierdie uiteenlopende sienings te versoen en tot 'n afgeronde, feit-gebaseerde begrip van De Klerk se posisie te kom.
>
> De Klerk het hom op 2 Februarie 1990 in die geskiedenis van SA ingeskryf toe hy die ontbanning van die ANC en ander bevrydingsbewegings, asook die vrylating van Nelson Mandela uit die tronk, aangekondig het. Terwyl dit SA op die pad van hervorming geplaas het, toon die feite dat hy sowel die oorgang as sy volgelinge gefaal het. Hy was suinig met die waarheid by die Waarheid-en-versoeningskommissie – 'n standpunt wat Suid-Afrikaners verhinder het om 'n gemeenskaplike begrip te ontwikkel van waar ons vandaan kom. Hy kon eweneens nie vrede maak met die feit dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom was nie.
>
> Dit is 'n groot en onuitwisbare vlek.
>
> Dit het De Klerk aan bande gelê en hy het die belange van die wit minderheid bo die belange van die nasie-in-wording gestel – iets wat ernstige implikasies sou hê vir 'n samelewing wat geworstel het met rassisme, seksisme, ongelykheid en armoede.
>
> Terwyl De Klerk homself en sy kiesers dus tot 'n oorgang ná apartheid verbind het, het hy hom nooit versoen met die transformasie wat inherent aan ons demokrasie is nie.

[<https://www.businesslive.co.za/fm/opinion/2021-11-18-mac-maharaj-de-klerk--a-prisoner-of-his-past/>, Verkry 09/12/2021]

3.1 Gebruik die bron en jou kennis om te verduidelik waarom die skrywer Mac Maharaj geskryf het dat FW de Klerk 'n ingewikkelde nalatenskap het. Verskaf TWEE omvattende punte.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(4)

IEB Copyright © 2022

3.2 Hoe het FW de Klerk die Waarheid-en-versoeningskommissie behandel, volgens die artikel? Gee EEN aanhaling om jou antwoord te staaf.

(4)

3.3 Wat was FW de Klerk se grootste mislukking, volgens die skrywer?

(4)

3.4 Wat was FW de Klerk se grootste belang tydens die onderhandelings oor die skepping van die nuwe nasie wat in 1994 sou ontstaan, volgens die skrywer van hierdie artikel?

(2)

3.5 Hoe betroubaar is hierdie artikel as 'n beoordeling van FW de Klerk se nalatenskap as die laaste apartheidspresident?

(6)
**[20]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

**Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:**

**Verwys na Bron A**

4. Gebruik die bron en skryf TWEE van die uitdagings neer wat die Sowjetunie in 1985 in die gesig gestaar het toe Gorbachev aan bewind gekom het.

(4)

5. Gebruik die bron en jou kennis en verduidelik die beleid van glasnost. Gee TWEE punte.

(4)

6. Gebruik die bron en jou kennis en beskryf hoe die beleid van perestroika die Sowjetunie sou transformeer. Gee DRIE punte.

(6)

IEB Copyright © 2022

7. Wat was die impak van hierdie hervormings op die Sowjetunie, volgens die skrywer? Ondersteun jou antwoord met EEN aanhaling.

(4)

**Verwys na Bron B**

8. Waarom het Gorbachev baie trots gevoel oor perestroika? Gee DRIE redes.

(6)

9. Gee die naam van die Sowjetunie se beleid teenoor die Oos-Europese state voordat Gorbachev die beleid van nie-ingryping ingestel het.

(2)

IEB Copyright © 2022

**Verwys na Bron C**

10. Glo die spotprenttekenaar dat Gorbachev se hervormings die ideologie van kommunisme wou vernietig? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.

(6)

**Verwys na Bron D**

11. Hoe het die leiers van Solidariteit in Pole voordeel getrek uit Gorbachev se hervormings in 1989? Gee DRIE punte.

(6)

12. Wat openbaar Solidariteit se verhaal van die rol van nasionalisme en populêre protes in die verbrokkeling van die Sowjetunie teen 1991? Gee DRIE punte.

(6)

IEB Copyright © 2022

**Verwys na Bron E**

13. Wat openbaar die foto van die motivering van die betogers in 1989? Ondersteun jou antwoord met TWEE visuele leidrade.

(6)

**Verwys na Bron F**

14. **Verwys na Bron F asook jou eie kennis om aan te dui of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)**

14.1 Gorbachev het die verval van kommunistiese ideologie veroorsaak.

(2)

14.2 Die Sowjetunie was veral bedrewe met die hantering van inligting.

(2)

14.3 Gorbachev se beleid van perestroika kon nie die Sowjetunie in staat stel om die Verenigde State in te haal nie.

(2)

14.4 Die Sowjetunie het te veel op militêre mag gefokus.

(2)

14.5 Gorbachev was verantwoordelik vir die gewelddadige vernietiging van die Sowjetunie.

(2)

IEB Copyright © 2022

**Verwys na Bron G**

15. **Soek 'n konsep in Bron G wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)**

15.1 'n Ekstremistiese standpunt wat nie ontvanklik vir kompromie is nie.

(2)

15.2 'n Persoon vir wie papierwerk belangriker as individuele behoeftes is.

(2)

15.3 Sowjet-geheimediensagentskap wat in 1954 gestig is.

(2)

15.4 Die nasies wat deel van die USSR was.

(2)

15.5 'n Groep mense wat 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdienspraktyke deel.

(2)

IEB Copyright © 2022 

**Verwys na Bronne G en H.**

16. Vir wie hou die skrywer van Bron G verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te staaf.

(4)

17. Watter rol het Gorbachev se hervormings in die ineenstorting van die Sowjetunie gespeel, volgens Bron G? Gee TWEE punte.

(4)

18. Hoekom het Gorbachev in Desember 1991 as president bedank, volgens Bron H?

(4)

19. Wou Gorbachev hê dat die Sowjetunie moes verbrokkel? Verskaf EEN aanhaling uit Bron H om jou antwoord te staaf.

(4)

IEB Copyright © 2022

20. Was Gorbachev spyt dat hy sy demokratiese hervormings ingestel het, volgens Bron H? Verskaf EEN aanhaling om jou antwoord te staaf.

(4)

**90 punte**

## AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

### VRAAG 21

**Gebruik bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:**

*In watter mate was Mikhail Gorbachev se hervormings verantwoordelik vir die verbrokkeling van die Sowjetunie teen Desember 1991?*

**Maak seker dat jy die bronne gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per nommer te erken.**

IEB Copyright © 2022

**50 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022